The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

Ornico
KNOW HOW. TO GROW

DIE BURGER - SATERDAG 2016-10-29 Page: 8

AVE: 7017.41 (ZAR)

Toerisme-sakeraad lê skoksyfers voor

Syfers van die Toerisme-sakeraad (TBCSA) wys 13 246 toeriste is tussen Junie en Julie weens regulasies oor onverkorte geboortesertifikate verhoed om na Suid-Afrika te reis.

Die TBCSA het dié syfers in die portefeuljekomitee oor toerisme gister in die parlement aan LP's oorgedra.

James Vos, DA-LP, het in 'n verklaring gesê as in ag geneem word een toeris bestee gemiddeld R13 000 per dag, het Suid-Afrika 'n inkomste van sowat R7,5 miljard in dié tyd verloor.

Dié regulasies het vroeër wyd onder skoot gekom, veral oor die moontlike impak wat dit op toerisme kon hê.

"Met die feestyd om die draai wat duisende toeriste na die land kan bring, sal die DA skryf aan Derek Hanekom, minister van toerisme, om te vra watter korttermynplanne daar is om dié probleme te help beredder."

Vos het sy kommer uitgespreek oor statistieke van TBCSA wat wys besoekers aan die O.R. Tambo-lughawe moes die eerste 18 dae in Oktober tussen 90 minute en vier uur in 'n tou staan by immigrasie.

Die TBCSA het in sy voorlegging onder meer die skuld daarvoor op 'n tekort aan behoorlik opgeleide immigrasiebeamptes gepak.

James Vos, DA-LP

Volgens Vos is LP's ook ingelig 800 passasiers het as gevolg van die vertragings hul aansluitingsvlugte gemis, en lugdienste het na raming R1,6 miljoen in dié 18 dae verloor.

"Dit is duidelik ons migrasiekantore is nie behoorlik toegerus nie en kos ons toerismesektor en die ekonomie miljoene."

Luidens 'n verklaring het Mmatsatsi Ramawela, uitvoerende hoof van die TBCSA, gesê Malusi Gigaba, minister van binnelandse sake, en adj.pres. Cyril Ramaphosa se kantore het nie op die TBCSA se boodskappe gereageer nie.

Vos het gesê die departement het 'n "gebrek aan politieke wil". **– Netwerk24**